CBMC

www.cbmc.co.za

# Weeklikse Inligting

**20 OKTOBER 2025**

## Gaan, maak dissipels...

*"Ek, Ek self is die Here. Daar is niemand anders wat julle kan red behalwe net Ek nie. Ek het voor die tyd gesê Ek sal julle red. Ek het dit gedoen. Ek het seker gemaak dat julle weet dat dit Ek was wat julle gered het. Daar was nie 'n ander god tussen julle wat dit kon doen nie. Julle is my getuies, sê die Here, net Ek is God. Nou en vir altyd is Ek God. Niks kan by My weggevat word nie. Wat Ek doen, kan niemand verander nie."* Jesaja 43:11-13 DB

1. *"Ek, Ek self is die Here"* - Daar is slegs een God, en dit is nie ek of jy nie.

2. *"Daar is niemand anders wat julle kan red behalwe net Ek nie"* - Nie my geld, posisie, graad, titel, ander mense of enige ander gode kan red nie, slegs die lewende God wat hemel en aarde geskape het, kan red, en Hy het dit reeds bewerk.

3. *"Ek het voor die tyd gesê Ek sal julle red, daar was nie 'n ander god tussen julle wat dit kon doen nie"* - Slegs God het deur Sy profete vooraf gesê dat Hy gaan red, geen ander god kon ooit so iets doen nie. Nie Buddha, Allah, Krishna, Zeus, ens. kon profeteer wat in die toekoms gaan gebeur nie.

4. Julle is my getuies, sê die Here (Matt.28.19) Gaan, vertel vir alle mense van hierdie groot verlossingsdaad wat God deur Jesus Christus bewerk, dat Hy met Sy bloed aan die kruis betaal het vir ons sondes, gesterf het, en begrawe is, maar op die derde dag opgestaan het uit die dode, opgevaar het, en nou sit aan die regterhand van God die Vader.

5. Johannes 1:12 - vir hulle wat die boodskap hoor, wat dit aanneem en glo, gee Hy die mag om Sy kinders te word.

Die grootste naasteliefde wat jy ooit kan toon is om met ander hierdie Goeie Nuus te vertel.
Hoe kan ons terugdeins of bang wees vir mense, want die Heilige Gees werk saam met ons om in mense se harte te werk, terwyl ons getrou die Groot Opdrag uitvoer.

My gebed vir elke CBMC lid is dat ons sal besef ons het 'n opdrag, nie 'n versoek nie. Die opdrag is eenvoudig:

"Gaan (soos jy gaan), maak dissipels (volgelinge) van Jesus Christus.
(sien ook jou werkplek / besigheid as jou sendingveld)

Moenie ophou om hierdie grootste gebeurtenis in die wêreld se geskiedenis entoesiasties met ander rondom jou te deel nie. Die oomblik wanneer jy dit begin deel, sal jy die Heilge Gees se werking in jou begin ervaar. Begin net.

Seën en vrede.
Brandt Coetzee- Voorsitter van CBMC SA

| KALENDER | | |
|---|---|---|
| 23 Okt | Noordelike Voorstede Gholfdag | Kuilsrivier Gholfklub |
| 30 Okt | CBMC Strand Uitreik | Strand |
| 6 Nov | Boland Gholfdag | Wellington Gholfklub |

**VERJAARDAE**

**OKTOBER**

20 Danny Kotzee (Helderberg)
21 Dewald Basson (Noordwes), Banele Rafisa (Noordkaap), Andries Smit (Helderberg)
22 Jacob Schmidt (Helderberg), Godwin Sweto (Noordelike Voorstede)
23 Johan Lochner (Suidelike Voorstede)
24 Rickard Chambers (Helderberg), Rouxbert Roos (Helderberg)
26 Francois Burger (Gauteng), Francois Vogelzang (Helderberg)

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Snap here to pay
SnapScan

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis, 1ste Verdieping
Bellville 7530

Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.